**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA** Vol 326

**(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)**

I 2.27 Vol. 326 Pg. 18610 - 18677

**SAAKNOMMER: CC 482/85** PRETORIA

1988-01-18

**DIE STAAT** teen: **PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER**

**VOOR:** **SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST** EN **ASSESSOR** : **MNR. W.F. KRUGEL**

**NAMENS DIE STAAT:** **ADV. P.B. JACOBS** 326
**ADV. P. FICK**
**ADV. W. HANEKOM**

**NAMENS DIE VERDEDIGING:** **ADV. A. CHASKALSON**
**ADV. G. BIZOS**
**ADV. K. TIP**
**ADV. Z.M. YACOOB**
**ADV. G.J. MARCUS**

**TOLK:** **MNR. B.S.N. SKOSANA**

**KLAGTE:** **(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)**

**PLEIT:** **AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG**

---

**KONTRAKTEURS:** **LUBBE OPNAMES**

---

**VOLUME 326**

(**Bladsye 18 610 - 18 677**)

COURT RESUMES ON 18 JANUARY 1988.

MR BIZOS : All the accused are before Your Lordship. There is, however, a problem with Mr Matlole, accused no. 17. He fainted and collapsed this morning and he has a visible swelling at the back of his head. His records are at the Johannesburg Hospital and we would ask Your Lordship to grant him leave of absence. Arrangements will be made by our attorneys to take him there. It looks more than an ordinary swelling.

COURT : For what duration?

MR BIZOS : We do not know. That would of course depend on what the doctors find.

COURT : Meanwhile for today?

MR BIZOS : Meanwhile for today. If the doctors decide that he cannot come tomorrow, then we will have some sort of report for Your Lordship and renew the application.

COURT : Leave for absence is granted.

MR BIZOS : Your Lordship will recall that Mr Malefetsane Peter Dlamini gave his evidence-in-chief before the court adjourned and he is present in court to the cross-examiner.

MALEFETSANE PETER DLAMINI, v.o.e. (Deur tolk)

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Dlamini, nadat die opmars uiteen gejaag is deur die polisie, het u teruggekeer na u huis toe? -- Ja, dit is so.

Kan u vir ons beskryf met watter roete het u teruggekeer? -- Ja, ek kan.

Gaan voort? -- Ek het gebruik gemaak van 'n straat wat parallel is met die teerpad wat ons vroeër gebruik het in die optog. Dit wil sê op pad terug huis toe. Tot ek in die nabyheid van die poskantoor weer uitgekom het. Ek het verder

aangestap/...

aangestap tot by die bushalte van Gebied 11, waarvandaan ek verder aangestap het tot ek by Gebied 12 Uitbreiding gekom het, verby die gebied, deur die veld in Small Farms in en toe by die huis gekom.

Die paralelle straat wat jy in geloop het, in watter gebied was dit gewees toe jy onmiddellik pad gegee het van die optog af? -- Gebied 13.

En toe het jy met daardie straat geloop tot in gebied 13 tot naby die poskantoor? -- Ja.

En toe jy by die poskantoor uitkom, met watter straat het jy toe geloop? Die een wat die optog vroeër geloop het of het jy in 'n gebied ingegaan? -- Ek het by hierdie teerpad aangesluit en dit gebruik tot by die bushalte.

Watter teerpad praat jy van? Dit is wat ek probeer vasstel? -- Dit is die teerpad vanaf die poskantoor se omgewing na Gebied 12 uitbreiding toe.

<u>HOF</u> : Is dit die teerpad wat die roete was wat julle gevolg het voordat julle by die poskantoor gekom het? -- Ja.

Staan dit bekend as Wessels Motha Road? -- Ja.

So, u het parallel geloop met die teerstraat tot by die poskantoor en toe het u met Wessels Motha Road geloop tot waar? -- Tot by Gebied 11 se bushalte.

Is dit nou Fowler? -- Nee, dit is nie Fowler nie. Dit is 'n bushalte voor Fowler.

<u>MNR. JACOBS</u> : En van die bushalte af, wat was jou roete toe? -- Vanaf hierdie bushalte is daar 'n klein straatjie wat deurgaan in gebied 12 in. Dit het ek gebruik deur gebied 12 om by gebied 12 uitbreiding uit te kom. Deur gebied 12 uitbreiding kry ek 'n oop stuk veld. Ek het deur daardie veld geloop en weer te Small Farms gekom in daardie rigting.

Is/...

Is ek korrek om te sê dat die roete wat jy gevolg het kom glad nie naby die Indiërwinkels wat gebrand het by gebied 8 nie? -- Ja, dit is reg. Dit is ver.

Het jy dan nie gesien dat die Indiërwinkels brand nie? -- Ek het dit eers gesien met my aankoms by my woning. Vanaf my woning wat naby die plek is, kan ek die winkels van die Indiërs sien.

Hoe ver is jou woning vanaf die Indiërwinkels? -- Dit is twee strate verby. By die derde straat. Dan is jy by die winkels waarvan ons praat.

As jy nou praat van strate, is dit blokke? -- Ek praat van die strate van die lokasie. Waar 'n mens 'n straat verby gaan en dan is daar huise en dan weer 'n straat en dan weer huise.

Jy sê jy het eers gesien die Indiërwinkels brand toe jy by jou huis kom? -- Ja, dit is so.

HOF : U huis is dan ongeveer drie strate wes van die Indiërwinkels? -- Ja, dit is so, maar daar is 'n oop spasie, dit wil sê 'n opening wat nie gebou is nie, waardeur ek gebied 8 kon sien van my huis af.

Die oop ruimte, is dit geleë net suid van die kerk? -- Ja, aan die regterkant as ek by my huis is.

MNR. JACOBS : Wat besonders het gebeur dat jy toe opgemerk het dat die Indiërwinkels brand? -- Die rook.

Was dit net een winkel wat gebrand het of hoeveel is dit? -- Twee.

En die rook, was dit baie rook gewees en het dit hoog in die lug in opgegaan? -- Ja, dit is so.

Digte donker rookkolomme? -- Dit is so.

As die rook dan so dig en donker was, hoekom het jy

dit/...

dit nie voor die tyd gesien nie? -- Ek sal dit so verduidelik. Ek vermoed dat dit eers aan die brand geslaan het terwyl ek alreeds in Small Farms was omdat ek dit nie gewaar het alvorens ek by my woning gekom het nie.

Toe jy in gebied 12 ingegaan het daar by die bushalte, afgegaan het van daardie pad waar die mars eers op geloop het by die bushalte, hoekom het jy daar ingegaan? Vir watter rede? Hoekom het jy afgedraai van daardie teerstraat af? -- Dit is omdat ek gedink het met die gebruik van daardie rigting wat ek nou net beskryf het, sal dit vir my naby wees om by die huis te kom.

Is dit die naaste straat? Ek wil dit aan jou stel dat om met daardie teerstraat aan te loop soos die mars geloop het, tot daar waar die pad effens na - verby Fowler se bushalte, sou ŉ nader pad gewees het? -- Nee, dit is nie so nie. Dit draai ver.

Is dit nie so dat die opmars het omtrent die kortste roete gevolg wat hulle kon om uit te kom bo by die poskantoor nie? -- Nee, dit is nie so nie. Die optog het die teerpad gevolg met die oog daarop dat die optog maklik kon beweeg het.

Daar waar jy afgedraai het in gebied 12 in, daardie pad waar jy afgedraai het, gaan dit naby die Administrasiekantore verby in gebied 12? -- Nee, dit is ver van die Administrasiekantore af.

Is dit ver van die Jackpot Fish and Chips gebied af, die winkel se gebied af? -- Ja, dit is ver.

As jy nou sê dit is ver, wat beskou jy as ver? -- Ek sal sê ek was in die middel van die twee punte, naamlik die winkelsentrum wat u na verwys en die garage. Dit is die

BP Garage.

Is jy in die middel van hulle deur? -- Ja.

Voordat jy gesien het dat die Indiërwinkels gebrand het, het jy absoluut niks anders gemerk van plekke wat sou brand of rookkolomme wat opgaan nie? -- Nee.

Toe julle daar by die punt by Fowler Garage gekom het en - Fowler bushalte en BP Garage verbygegaan het in die optog, het jy nie 'n rookkolom aan die voorpunt van julle mense gesien aan die linkerkant daarvan nie. -- Nee, ek het dit nie opgelet nie.

Is daar enige rede as daar 'n rookkolom was dat jy dit nie gesien het nie? -- As daar rook was, sou ek dit gesien het, want daar was niks wat my uitsig sou versper het om dit nie te sien nie.

En jou aandag was ook op die voorpunt van die opmars gevestig omdat daar ongeveer daardie tyd mense aangesluit het by die voorpunt volgens jou getuienis? -- Ja, my aandag was op die voorpunt van hierdie optog gevestig. Dit wil sê selfs my oë, ek het in daardie rigting gekyk. Indien daar rook was, was ek verplig om daardie rook te sien, want daardie rook sou na boontoe gegaan het.

En as 'n huis gebrand het sou dit baie rook gewees het wat na boontoe gegaan het, digte swart rook? -- Ja, dit is so, want 'n huis het besittings binne-in.

En as daar nou nog voertuie ook dieselfde tyd gebrand het sou die rook ook baie digter en meer gewees het? -- Ja, dit is so.

En is dit jou getuienis selfs tot nadat jy by daardie plek waar die pad effens na regs swenk en 'n ander pad daarby aansluit, tot die mars daar verby is en die deel waar jy

was/...

was, was daar geen rook hoegenaamd gewees nie?

HOF : Waar watter pad by watter pad aansluit?

MNR. JACOBS : Daardie pad waar die opmars geloop het tot die plek wat geïdentifiseer word elke keer waar hulle sê effense swenk na regs by die vurk daar? -- Nee.

Jy sien, ons het die getuienis in hierdie hof dat Caeser Motjeane, 'n raadslid, se huis is in daardie omgewing? -- Ja, ek betwis nie daardie getuienis nie, maar as ek nie die rook gesien het nie, dan het ek nie die rook gesien nie.

HOF : Weet u waar die huis geleë was? -- Nee, ek weet nie.

MNR. JACOBS : En ons het getuienis dat ander mense wat in die opmars was het gesien toe die opmars daardie punt genader het en daar verbygegaan het, dat aan die linkerkant van daardie pad was daar 'n kolom rook? -- Ek betwis dit nie. Al wat ek sê is, ek het dit nie gesien nie.

Maar dan moet daar tog 'n rede wees, want hierdie rookkolom wat daar was, was algemeen opmerklik en dit was die kolom rook van 'n huis wat gebrand het en ook voertuie wat aan die brand gesteek was? -- Die rede hoekom ek sê ek dit nie gesien het nie is omdat ek dit nie gesien het nie. As ek miskien in die nabyheid was van die punt wat beskryf word aan my as 'n brandende plek, terwyl dit gebrand het, sou ek dit gesien het, maar die rede dat ek dit nie gesien het nie, sal ek sê dat dit moontlik is dat die plek aan die brand geslaan het na ek daar verby was.

Jy sien ons het ook getuienis in hierdie hof dat daar by die BP Garage was die oggend vroeg by 08h00, tussen 07h00 en 08h00, klipgooiery en padversperrings aangebring? -- Ek stry nie met u daaroor nie, maar wat ek sê is, om en by

die/...

die tyd wat deur u genoem word, was ons nog nie by daardie punt gewees nie.

Kan jy dan vir die hof sê hoe dit is dat jy nie daardie padversperrings gesien het toe jy by daardie punt verby gegaan het nie? -- Dit is omdat met ons verbygaan daar die pad skoon was. Ek het niks gewaar nie.

Die getuienis gaan verder dat ongeveer 08h00 by die Administrasiekantore in gebied 13 het daar vlamme uitgeslaan, nie vlamme nie, rook uitgeborrel van ŉ plek wat daar aan die brand gesteek was? -- Om en by 08h00 was ons op Small Farms gewees en gebied 13 is baie ver van my af. Ek het niks gesien nie.

En ŉ mens kon dit sien daar van die BP Garage af net oorkant die pad in die kaal kol daar, kon mense daardie rook sien uitslaan? -- In die môre kan ŉ mens nie so goed sien in die lokasie nie. Die rede daarvoor is dat mense vuur gemaak het. Dus kry ŉ mens dat die lokasie self met vuurmaakrook dig is. Dus kan ŉ mens nie ver sien nie.

En toe julle daar verbygegaan het, het jy selfs ook nie daardie rook gesien nie? Of die rook van daardie plek wat gebrand het?

<u>HOF</u> : Dit is nou van die Administrasiekantore in Gebied 13?

<u>MNR. JACOBS</u> : Dit is reg. -- Ek het dit glad nie gesien nie. Nee.

Weet jy waar die Teachers Training College is? -- Ja, ek weet.

Dit is ook bekend - hoe ken jy daardie plek wat bekend is as Teachers Training College? -- Venter. Hy is bekend as Venter daardie plek.

En in watter gebied is dit? -- Gebied 7.

Is dit naby die Administrasiekantore? -- Dit is naby die kommissaris se kantore te Gebied 7.

Die pad wat daar langs die Administrasiekantore verby gaan, Selbournelaan? -- Ja, die pad daar is bekend as Selbourne.

Gaan daardie pad deur, as jy nou met hom verby gaan en reguit verby gaan tussen, aan die regterkant as 'n mens van die kerk af loop, van Small Farms se kerk af loop, dan is die kommissariskantore aan die regterkant en die Teachers Training College aan die linkerkant. Dan gaan jy tussen die twee deur? -- Ja, as 'n persoon met Selbournepad loop dan loop jy tussen die twee deur.

HOF : Venters, is hy noord of suid van Selbourne? -- Ek het bietjie 'n probleem. Ek weet nie watter rigting is noord en watter rigting is suid daar nie. Al wat ek kan sê is, as jy in 'n oostelike rigting stap dan is dit aan jou linkerkant.

Dan maak ons dit vir die doeleindes van hierdie saak noord.

MR BIZOS : I think it is common course that Evaton is to the north. Perhaps Your Lordship could ask it that way.

HOF : Evaton se kant? -- Ja, dit is aan Evaton se kant.

MNR. JACOBS : In daardie gebied daardie oggend toe jy na die kerk toe geloop het - of laat ek dit liewers so kry. Small Farms se kerk is ook nie baie ver van die Teachers Training College af nie? -- Dit is nie baie ver nie, alhoewel ek kan sê dit is ver, want 'n persoon moet deur gebiede 7 en 8 gaan alvorens jy by hierdie onderwyskollege uitkom.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Van die kerk af? -- Ja.

HOF : Loop jy deur die hele gebied 7 en die hele gebied

8? -- Nee, jy loop deur gebied 8. Net waar jy gebied 7 begin het, dan is die onderwyskollege daar geleë.

MNR. JACOBS : Toe julle in die opmars geloop het, moes julle daar naby daardie Teachers Training College verby geloop het? -- Nee, ons het weggedraai voor ons by hierdie onderwyskollege gekom het.

Toe julle weggedraai het, was dit naby die punt waar hierdie onderwyskollege is of nie? -- Nee, ons was nog ver gewees.

Is dit verder as wat jou huis van die Indiërwinkels af is? -- Nee, ek skat dit ongeveer dieselfde distansie.

En aan jou linkerkant soos die kollege daar was, het jy ŉ direkte uitsig op die kollege? Is daar oop veld tussen die punt waar julle regs gedraai het, weggedraai het en die kollege? -- Ja, dit is sigbaar, want daar is ŉ oop stuk veld.

Die oggend toe julle daar geloop het en die wegdraaipunt genader het en net voor julle weggedraai het, het jy enige rook in daardie gebied gesien van die kollege? -- Nee.

As daar getuienis is dat die kollege alreeds die oggend gebrand het voor 09h00, kan jy enige rede gee hoekom jy dit nie gesien het nie? -- Ek betwis nie daardie getuienis nie, as daar sulke getuienis is. Al wat ek vir die hof sê hier is dat met my verbygaan daar was daar nie ŉ plek gewees wat gebrand het nie. Dit is om daardie rede dat ek nie die rook gesien het nie.

In gebied 7 self - gebied 7 bestaan uit gebiede 7A en 7B. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

Is hierdie Teachers Training College in gebied 7 geleë? -- Ja, dit is so.

Ken jy ŉ raadslid Mkhiwane? -- Ek hoor net van hom.

Ek/...

Ek het hom nog nie gesien nie.

Weet jy waar hy woon? In watter gebied? -- Nee, ek weet nie.

Ons het getuienis dat hy in gebied 7B woon naby - redelik naby hierdie Teachers Training College? -- Ek betwis dit nie, want ek weet nie waar die persoon woon nie.

En tussen die ure 08h00 en 09h00 daardie oggend het ons getuienis voor hierdie hof gehad dat hierdie raadslid Mkhiwane se huis aan die brand gesteek was? -- Ek betwis dit nie. Ek sê met ons verby gaan daar het ek niks gesien wat gebrand het nie.

En as die huis daardie tyd gebrand het moes daar rook gewees het wat jy moes gesien het? -- Ja, dit is so. As daar rook was, moes ek die rook gesien het, maar omdat daar nie rook was nie, het ek dit nie gesien nie.

Is jou getuienis tot die effek dat die hele oggend in daardie gebiede waar jy self woon in Small Farms, gebiede 7, gebiede 11 en 12 was daar hoegenaamd geen moeilikheid gewees daardie oggend of plekke wat gebrand het nie? -- Glad niks nie.

En busse het normaal geloop soos gewoonlik? -- Ek het nie notisie daarvan geneem of die busse normaal daar gery het of nie.

Is dit ook so, kan jy enige rede gee hoekom die polisie in die gebied was? Was daar enige rede of was hulle sommer daar doelloos? -- Ek het vir die eerste keer die polisie gesien toe hulle ons uiteen gejaag het te Hunters Garage. Vroeër voor dit in die woonbuurt het ek geen polisie gewaar nie.

Hoekom is raadslede se huis aangeval en aan die brand

gesteek/...

gesteek in daardie gebied op daardie betrokke dag?

MR BIZOS : Is the witness's opinion admissible on this?

HOF : Wat gaan dit my help?

MNR. JACOBS : Hy kan miskien ŉ rede gee wat nie ŉ opinie is nie.

HOF : Hoe kan hy ŉ rede gee wat nie sy opinie is nie? Sê hy dat hy teenwoordig was of sê u dat hy teenwoordig was?

MNR. JACOBS : Ek sal later na dit terugkom. Is dit korrek dat in die Vaal en in daardie gebied waar jy woon, was daar voor 3 September verskeie vergaderings gehou ook in die kerk daar naby jou, die Roomse Kerk? -- Nee.

Is daar nooit vergaderings gehou ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Is u antwoord u weet nie daarvan nie of is u antwoord daar was nie vergaderings gehou nie? -- Ek was nog besig om my nee te kwalifiseer toe die staatsadvokaat my in die rede geval het. Nee, ek het nie daarvan bewus geword dat daar ooit vergaderings gehou was nie.

MNR. JACOBS : Was jy persoonlik ontevrede met die raadslede? -- Ja, ek was ontevrde.

Hoekom was jy ontevrede met die raadslede? -- Ek het opgelet dat die mense besig was om die huurgelde te verhoog en daarmee maak hulle beloftes dat sekere dinge gedoen sal word en dit word nie gedoen nie. Terselfdertyd hou hulle aan met die verhoging van die huur.

Wanneer is die beloftes gemaak sê jy? -- Die beloftes kan ek begin noem sedert die jaar 1980 waar beloftes gemaak was.

Deur raadslede? -- Ja, deur die raadslede.

Is die raadstelsel nie ingestel in 1983 nie en is daar

nie/...

nie ȟ verkiesing gehou November 1983 om raadslede te kies nie? -- Nee, gedurende 1980 het hulle alreeds bestaan.

As ȟ stadsraad of as ȟ gemeenskapsraad? -- Ek is nie in staat om daar ȟ lyn te trek watter een was wanneer nie, maar ek sê dat dit die persone was wat hier betrokke was.

In 1983, Novembermaand, weet u dat daar ȟ verkiesing was vir Stadsraadslede van Lekoa? -- Ek het daarvan gehoor.

Weet jy dat daar vergaderings gehou was deur raadslede gedurende daardie tyd om hulle verkiesing te bevorder? -- Nee, ek weet nie.

Weet jy dat daar vergaderings gehou was deur organisasies wat in die Vaal self gesetel is, burgerlike organisasies teen die raadstelsel en raadslede? -- Nee, ek weet nie.

Het jy nie die plakkate en advertensies van sulke vergaderings gesien nie? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

Die raadslede wat in 1983 verkies was, het hulle enige beloftes gemaak volgens jou kennis, persoonlike kennis? -- Die vraag is nie vir my duidelik nie. Bedoel u wat hulle gemaak het by die vergaderings wat hulle self gehou het by die wyke of bedoel u by die vergaderings wat hulle met die gemeenskap as ȟ geheel gehou het?

Blykbaar weet jy van twee vergaderings, tipe vergaderings wat hulle gehou het in die wyke en met die gemeenskap in die geheel. Wat weet jy van sê die vergaderings in die wyke eerstens? -- Ja, hulle het beloftes gemaak by die vergaderings wat hulle gehou het.

Was jy by die vergaderings? Het jy gehoor wat se beloftes hulle gemaak het? -- Ek was nie persoonlik teenwoordig nie, maar wel gehoor van mense wat die vergaderings bygewoon het. Die rede hoekom ek nie teenwoordig was nie,

is/...

is omdat ek in my werk as ŉ reisiger uit was.

Dan het jy gepraat van ŉ tweede groep vergaderings wat die raadslede gehou het en dit was met die gemeenskap as geheel. Wat se vergaderings was dit en wanneer was dit gehcu? -- Ek wil hier verduidelik wat ek bedoel het toe ek gepraat het van die vergadering met die gemeenskap as ŉ geheel. Dit is wanneer ŉ raadslid die gemeenskap nooi om ŉ vergadering by te woon, hetsy by ŉ saal of by enige ander vergaderplek wat genoem word deur die raadslid, dat mense daar moet vergader. Dan sal hy hulle toespreek. Dit is wat ek bedoel het met die vergadering met die gemeenskap.

Het jy enige sulke vergaderings bygewoon? -- Ja.

Wanneer en waar? -- Ek kan nie meer presies onthou wanneer dit was nie. Dit is lank gelede nou. Al wat ek onthou is, dit was by die Administrasieraadskantore van Evaton waar die vergadering gehou was.

Was dit in 1984 deur die raad wat op daardie tyd bestaan het in Lekoa? -- Nee, as my geheue my nie in die steek laat nie, was dit voor 1984 gewees.

Vandat die raad wat in November 1983 verkies was aan die roer van sake gekom het, vertel vir die hof van enige beloftes wat jy van weet wat die raadslede nie nagekom het nie? -- Wat ek nog kan onthou wat beloftes was deur hulle was dat hulle stadionne sal bou vir ons, die strate se toestande sal verbeter en ook huise vir ons in Evaton sal bou.

Wanneer sou hulle die huise gebou het, die stadions gebou het en die strate verbeter het?

<u>HOF</u> : Wanneer is die beloftes gemaak en waar? -- 1983.

En waar? -- By ŉ vergadering wat in die lokasie gehou was.

In/...

In Evaton? -- Ja, in Evaton.

MNR. JACOBS : Is dit nadat hulle verkies was op die raad van November 1983? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie.

Maar dit is mos nou 'n belangrike ding? Jy haal aan in die hof van mense wat beloftes maak nadat hulle verkies was op die raad en wat hulle nie nagekom het nie? -- Ja, dit is so.

Dan kan jy seker, as dit so belangrik is, vir ons sê wanneer hulle die beloftes gemaak het na hulle verkiesing?

MR BIZOS : He said that he did not know whether it was before the election or not. It was in 1983. He did not know whether it was before or after November.

MNR. JACOBS : Die vraag was vir hom duidelik gestel gewees. Nadat die raadslede wat in 1984 gedien het op die raad, nadat hulle verkies is in November 1983, beloftes wat daarna gemaak is. As hy nie my vraag antwoord nie, dink ek nie my geleerde vriend het die reg om hier in te kom en beswaar te maak nie. Ek sal dit weer oor stel dat daar nie verwarring kan wees nie. Nadat die raadslede wat gedurende 1984 gedien het op die raad en wat verkies is aan die einde van November 1983 - wanneer het hulle die beloftes gemaak? -- Dit is na die verkiesings, na hulle op die raad verkies is.

HOF : Na die verkiesing het hulle beloftes gemaak of na die verkiesing het hulle beloftes wat hulle voor die verkiesing gemaak het nie nagekom nie? -- Voor hulle in November 1983 gekies was op die raad, het hulle beloftes gemaak en na hulle gekies was op die raad, het hulle voortgegaan met die versuim om die beloftes wat hulle gemaak het, uit te voer.

MNR. JACOBS : Het jy enige begrotingsvergadering van die raad bygewoon om uit te vind wat hulle gaan doen in die nuwe jaar? -- Nee, ek weet nie eers van so 'n vergadering dat

dit/...

dit ooit bestaan nie. Ek het nog nie eers vantevore daarvan gehoor nie.

Weet jy van enige vergaderings wat raadslede gehou het in die wyke om vir die mense te sê dat hulle begroot en hulle gaan verbeterings aanbring en dit gaan verhoogde hure beteken? -- Ek is nou nie duidelik met die vraag nie. Bedoel u dat ŉ vergadering wat in hierdie jaar gehou is of praat u van ŉ vergadering wat van hierdie jaar gehou was? Dit is nie vir my duidelik nie.

Nee, ek praat ook nie van hierdie jaar of verlede jaar nie. Ek praat van gedurende 1984 voor al hierdie moeilikhede begin het in die Vaal? -- Ek weet nie van ŉ vergadering nie.

Het jy enige kennisgewings gekry dat die huur gaan verhoog word vanaf die raad gedurende 1984 en voor die moeilikhede begin het op 3 September? -- Ja, ek het.

En daardie kennisgewing wat die verhoging van die huur aangekondig het, het dit uiteengesit waarvoor die verhoging benodig word en watter projekte aangepak gaan word om verbetering in die woongebiede te bring? -- Nee.

Het dit nie uiteengesit nie? -- Glad nie. Ek het nie gesien dat dit by enige plek uiteengesit is nie of dat ek daarvan gehoor het by iemand dat dit uiteengesit word nie.

HOF : Wat het die kennisgewing dan gesê? -- Al wat daarin bevat was, was dat die huur verhoog gaan word met ŉ bedrag van R5,80. Dit is al.

MNR. JACOBS : Is jy bereid om te betaal vir enige verbeterings wat in jou gebied aangebring word as daar huise gebou moet word? Is jy bereid om meer te betaal op die huur of as strate verbeter moet word of ŉ stadion gebou moet word?

Is/...

Is jy bereid of was jy bereid? -- Ja, ek is bereid. As dit uitgevoer word en ek word aangesê om daarvoor te betaal is ek bereid om dit te doen.

HOF : Vooraf of agterna? -- Nee, nee, nee, dit moet eers voltooi word en dan sal ek daarvoor betaal.

Hoe moet hulle dit bekostig terwyl hulle dit bou? -- Nee, ek glo dat hulle die geld het, want dit is nie ŉ nuwe lokasie wat ons van praat nie en dit is nie die eerste keer wat ons betaal nie. Dit is al lank wat ons begin het om te betaal. So, hulle behoort finansies te hê om daarvoor te betaal.

MNR. JACOBS : Waar het jy gebly voordat jy in Small Farms Evaton gaan bly het? -- In Bophelong.

Wanneer het jy van Bophelong oorgetrek na jou huidige woonplek toe? -- In die jaar 1977.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. U woon in Small Farms. Is dit korrek? -- Ja, dit is reg.

Het u eiendomsregs in Small Farms? -- Ja, dit is so.

So, as daar gesê word u huur, dan huur u nie werklik nie, u betaal vir dienste? -- Ek is eintlik ŉ huurder by ŉ ander persoon wat die perseel eien. Ek betaal daardie persoon die huurgeld en dan betaal ek nog aan die Administrasieraad vir my huurderspermit.

Woon u in een kamer op ŉ perseel wat aan iemand anders behoort? -- Ja.

Maar het u huur dan opgegaan met R5,80? -- Volgens wat ek gesien het op hierdie kennisgewing op hierdie papier, sou dit ook verhoog gewees het.

Wag nou net so ŉ bietjie. Hoeveel kamers is daar op daardie perseel? -- Die hele perseel?

Ja?-- Daar is baie. Ek kan hulle nie eers tel nie.

Meer/...

Meer as tien? -- Ver meer.

En elkeen van hulle moes R5,80 meer betaal? -- Ja, elkeen wat ŉ permit het waarvoor hy moet gaan betaal by die Administrasieraad, sou daardie R5,80 betaal het.

Aan wie? -- Aan die raad.

Hoeveel dienspunte is daar op daardie perseel? Hoeveel meters is daar? -- Daar is twee van hulle.

Twee meters? Watermeters en elektrisiteitsmeters? -- Nee, albei vir water.

Twee watermeters. Nie ŉ elektrisiteitsmeter nie? -- Nee.

So, daar is eintlik net op twee persone se name ŉ rekening of op een persoon se naam ŉ rekening? -- Nee, die rekening kom op die eienaar van die standplaas se naam alleen, want ons s'n, volgens wat hulle gesê het, word ingewerk in sy rekening.

Moes u dan by die Administrasiekantore R5,80 meer gaan betaal of by die eienaar? -- Nee, ek moes dit aan die raad gaan betaal het.

Op wie se rekening? -- Op my naam.

Maar daar kom mos nie ŉ rekening in jou naam nie? -- Nee, ek bly daar wetend dat ek ŉ huurderspermit moet betaal en as ek dit nie betaal het nie, dan word ek gearresteer.

Kyk, die R5,80 is nie ŉ verhoging van die koste van ŉ huurderspermit nie, is dit? -- Nee, dit was ŉ verhoging op dit, want die papier wat ons gekry het, het eintlik dit so uiteen gesit.

ŉ Verhoging op die huurderspermit van R5,80? -- Ja.

Het u dit toe betaal? -- Nee, ek het dit nog nie betaal nie.

Vanaf/...

Vanaf wanneer nie? -- Sedert die voorvalle van die jaar 1984.

Waarom nie? -- Omdat ek nog nie te hore gekom het of die geld verminder is of wat die posisie eintlik is nie.

Watter stappe het u geneem om dit te hore te kom? -- Ek gaan af en toe na Evaton se Administrasiekantore toe waar hulle sê dat die hele ding nog nie opgelos is nie, hulle is nog daarmee besig.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

MALEFETSANE PETER DLAMINI, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Hoeveel loseerdersgeld het jy betaal voor die aankondiging van die verhoging? Dit is die Administrasie vir ŉ loseerderspermit? -- R21,00.

En hoeveel moes jy betaal na die verhoging? -- R26,80.

Ek wil hê jy moet kyk hier na twee bewysstukke wat ek aan jou wil toon. Dit is BEWYSSTUK AN15 nommers 1 en 2. Het jy dit tevore gesien of soortgelyke dokumente tevore gesien? -- Ek het nog nie vantevore die twee dokumente gesien nie.

Ek wil dit aan jou stel dat hierdie is die dokumente wat geskryf was om die wegbly-aksie op 3 September te adverteer in daardie gebied en die vergadering wat gehou sou word by Small Farms se kerk? -- Nee, ek betwis dit nie as u dit so stel nie, maar al wat ek sê is, ek self het dit nie gesien nie.

Was dit nie daar by jou huis afgelewer nie? -- Nee, dit was nie.

Hoe het jy dan geweet van die vergadering van 3 September by Small Farms? -- Ek het geweet as gevolg van die mense wat gepraat het by die busse op pad van die werk af of werk

toe/...

toe.

Wat was die idee, wat se vergadering sou dit wees? -- Dit was ŉ vergadering om besprekings uit te voer oor die huur wat verhoog word.

HOF : Om besprekings te voer, met ander woorde te bespreek of om wat bespreek is uit te voer? -- Ons het gaan praat oor dit wat hulle alreeds gesê het en bekend gemaak het dat die huur verhoog word.

MNR. JACOBS : Was dit gesê dat daar sou net ŉ vergadering wees by Small Farms of was daar iets meer gesê? -- Wat gesê was, was dat daar ŉ vergadering gehou gaan word te Small Farms, waarvandaan ons dan na Houtkop toe sal gaan om met die mense in beheer daar te gaan praat.

Daar was eise gewees dat raadslede moet bedank? -- Ja, dit was presies so.

En wat was die eise? Hoekom moes hulle bedank? -- Dit was gesê as gevolg van wat hulle gedoen het, dit wil sê die slegte werk van huurverhogings wat hulle toegepas het, moes hulle bedank.

Was dit nie ook gesê dat daar was nie - die mense wil hoegenaamd geen raad of die sisteem van ŉ swart plaaslike bestuur hê nie? -- Nee, hulle moes bedank het as gevolg van wat hulle gedoen het deur die huur te verhoog.

Is dit al rede hoekom hulle moes bedank? -- Sover ek weet, ja.

Was dit nie die algemene persepsie daar in die woonbuurtes dat hierdie raadslede "puppets" van die regering is nie? -- Nee.

Was dit nie die persepsie in die lokasie dat hulle verraaiers van die swartmense is nie? -- Dit kan ek sê is

korrek/...

korrek, hierdie laaste stelling, want die werk wat die mense daar gedoen het, het eintlik getuig dat hulle wel so was.

Hoekom was hulle verraaiers? -- Ons weet nie.

Is dit nie gesê hoekom word hulle beskou as verraaiers nie? -- Dit was genoem wat die rede was, naamlik dat hulle besig was om die huurgelde te verhoog en buiten dit doen hulle niks behalwe dat hulle hulleself verryk met winkels.

Waar was dit gesê? -- By die Roomse Kerk.

Wanneer? -- 3 September.

Wie het so gesê dat hulle hulle verryk met winkels? -- Nee, ek weet ook so dat dit wel so is. Verder, wat ek daarby kan sê is dat ons almal, al die mense daar, sê so.

Ek vra jou ʼn eenvoudige vraag. Jy sê hulle het dit daar by die vergadering van die 3de gesê. Nou vra ek vir jou wie het dit daar gesê? -- Ek weet nie wat die persoon se naam is nie.

HOF : Die hoeveelste spreker? -- Nee, dit is lank gelede dat dit plaasgevind het. Ek kan nie sê nie, omdat ek nie meer kan onthou nie.

MNR. JACOBS : Maar jy kan dit darem onthou, nè? Dat hy daar gesê het dat hierdie mense verryk hulleself met winkels? -- Ja, ek is verplig om dit nie te vergeet nie, want dit weet ek self.

Hoeveel mense het daardie vergadering toegespreek daardie dag, 3 September 1984? -- Dit kon een persoon gewees het.

Nee, dit is nie wat dit kon gewees het nie. Jy was mos daar. Jy sê vir die hof jy was daar. Was dit net een persoon of was dit ʼn klomp persone wat daaroor gepraat het? -- Dit was een persoon.

Wie is die persoon? Ken jy hom nie? -- Ek ken hom

nie/...

nie.

HOF : Praat u nou van binne-in die saal van die Rooms Katolieke Kerk? -- Ja, binne-in die kerksaal.

MNR. JACOBS : Was die kerksaal vol gewees? -- Nee, dit was nie vol gewees nie.

Toe jy daar gearriveer het by die kerksaal, was al die mense binne-in die saal en het jy toe ook ingegaan? -- Nee, K1063 nie almal nie. Ek is by mense daar buite verby om in die saal in te gaan.

Hoeveel mense was buitekant? -- Ek sal dit nie kan skat nie, maar dit was baie mense gewees wat ek daar gesien het.

Wat het hulle gedoen? Het hulle net daar op die perseel rondgeloop en gesels of wat was hulle besig om te doen? -- Hulle het daar gestaan buite die kerk in die nabyheid van ŉ deur.

As jy sê in die nabyheid van ŉ deur, het hulle om die deur gestaan of was hulle weg van die deur af? -- Hulle het by die deur gestaan.

HOF : Is dit die deur van die saal? -- Ja, dit is die deur van die saal.

MNR. JACOBS : En moes jy tussen hulle deur druk om in die saal in te gaan? -- Op die stadium wat ek die saal binne gegaan het, was hulle nog nie baie hier by die deur nie. Hulle het later meer geword.

Maar hoe weet jy dit? Jy was dan binne-in die saal? -- Die deur van die saal het oop gestaan. Dit was nie toe gewees nie. Dus kon ek daar gesien het.

Daar in die onmiddellike omgewing van die deur van die saal, so ŉ klompie treë weg, is dit net mense wat daar gestaan het wat jy daar gekry het of was daar mense wat iets anders

gedoen/...

gedoen het daar? -- Ek het nie opgelet nie, want ek was op pad na die saal toe. Ek was angstig om te hoor wat gesê gaan word in daardie saal.

Moet ek dan jou getuienis aanvaar tot die effek jy het absoluut niks gesien wat daar gedoen word buitekant die saal nie? Behalwe dat mense staan en praat daarso? -- Dit is so. Ek het niks gesien nie.

As daar mense besig was om plakkate te skryf, dan moes jy dit tog seker gesien het? -- Indien dit naby die deur plaasgevind het, sou ek dit gesien het, want toe ek net daar ingekom het op die perseel het ek reguit na die deur toe gestap.

Beteken dit as die getuienis in hierdie hof is dat daar mense naby die deur besig was om plakkate te skryf, dan het dit nie gebeur nie? -- Ek betwis dit nie as dit so gesê was nie, maar ek het dit nie gesien nie.

Toe jy in die saal inkom, wat was die mense in die saal besig om te doen? -- Hulle het gesing.

Wat het hulle gesing? -- Hulle het daar gesange gesing wat ek kan bestempel as dit wat deur die gemeenskap gesing word.

HOF : U bedoel liedere? -- Liedere gesing.

Watter soort liedere is dit wat deur die gemeenskap gesing word? -- Dit is liedere wat mense sing as hulle bly is en die persoon is byvoorbeeld vry. Dan is hulle vry om te sing en dan sing hulle.

MNR. JACOBS : Ken jy die persoon of die naam Oliver Tambo? -- Ek hoor as daar gepraat word oor die radio's van die naam.

Is Oliver Tambo ŉ leier van jou? -- Nee.

Ken jy ŉ persoon met die naam van Mandela? -- Ek ken

die/...

die naam, ja.

Is hy ŉ leier van jou? -- Ja, hy is my leier.

Het julle daar gesing van Mandela in die saal die oggend van 3 September? -- Nee, ons het nie van hom gesing nie.

Het julle gesing van Oliver Tambo? -- Nee, ons het nie van hom gesing nie.

Het julle ŉ lied wat hulle noem "Siyaya" gesing? -- Ja, "Siyaya e Houtkop." Dit is die lied wat ons gesing het.

Wat het julle nog gesing? Sê vir ons? -- Nee, ek kan nie aan ŉ ander een dink nie. Dit is net daardie een wat ek onthou.

Maar julle het baie liedere gesing. Is dit reg? -- Nee, dit was nie baie liedere gewees nie want ons het nie vir ŉ lang tyd gesing nie.

Wie het hierdie vergadering gereël daar? Wie was in beheer van die vergadering? -- Nee, ek weet van niemand wat in beheer was van hierdie vergadering nie. Al wat ek weet is dat dit die gemeenskap was.

Maar iemand moes tog gereël het dat die mense daar bymekaar kom?-- Ek ontken dit nie, maar wat ek van weet is dat dit die gemeenskap nodig gehad het.

Het jy nie probeer uitvind wie is in beheer van hierdie vergadering wat hier kom en ons hier bymekaar roep en wil hê ons moet marsjeer Houtkop toe nie? -- Nee, ek het nie, want wat ek wel van geweet het is dat almal die inwoners is veronderstel om daarheen te gaan.

Toe jy nou in die vergadering kom en terwyl julle gesing het, was die man wat die toespraak gelewer het, wat jy sê, toe in die saal gewees, op die verhoog? -- Ja, die persoon was in die saal gewees.

Het/...

Het hy saam met julle gesing? -- Ja, hy het saam met ons gesing.

Was hy alleen op die verhoog? -- Nee, hulle was twee of drie.

Weet jy wie is die ander twee of drie mense wat saam met hom was? -- Nee, ek ken hulle nie.

En jy is baie seker daardie mense wat saam met hierdie persoon was het nie gepraat op hierdie vergadering nie? -- As my geheue my nie in die steek laat nie, het die persone iets te sê gehad ter stawing van wat hierdie persoon alreeds gesê het. Dit is die een wat ek sê gepraat het.

Laat ons dan uitvind wat het hierdie persoon gesê? Vertel vir ons? -- Die persoon het ons toegespreek oor die optog, dat ons daarvandaan sou vertrek het in 'n optog. Ons moenie uiteen gaan nie, ons moet bymekaar wees en ons moet so loop tot ons by Houtkop uitkom.

Wat nog? -- Hy het ons toegespreek oor dit wat ons soontoe neem, dit wil sê die rede hoekom ons Houtkop toe gaan.

Gee vir ons die feite? -- Daar is toe gesê dit is dit wat alreeds aan ons almal bekend is.

Wat het hy gesê is reeds aan almal bekend? Het hy dit genoem? --- Dat ons nou na Houtkop toe gaan. In die eerste plek wil ons hê dat die huur verminder moet word. Tweedens, die raadslede moet bedank. Die huur is moeilik vir ons.

Hoekom was dit nodig dat so baie mense moet gaan? Kon daar nie sprekers gegaan het en dit vir die outoriteite gaan sê het nie? -- Nee, dit sou ons glad nie gedoen het om sprekers te kies namens ons nie, want ons het al 'n les geleer. Ons het niemand vertrou nie as gevolg van wat die raadslede gedoen het en ons kon dus nie iemand verder vertrou het

nie/...

nie.

Weet jy van 'n organisasie bekend as VCA, Vaal Civic Association? -- Nee, ek het geen kennis daarvan nie. Ek het net gehoor van die naam.

Waar het jy daarvan gehoor? -- In die lokasie daar. Mense het daarvan gepraat.

Was dit daar verduidelik as julle by die raadskantore kom wie sou met die raadslede gaan praat of die outoriteite by die raadskantore by Houtkop of sou julle almal gaan staan en skreeu het wat julle wou sê? -- Dit was nie aan ons daar verduidelik nie, maar ek het aanvaar dat mense daar met ons aankoms gekies sal word om te praat, want ek het geweet dat dit onmoontlik was dat ons almal gelyktydig sal moet praat.

Was dit dan nie die aangewese plek by hierdie vergadering om die mense te kies of uit te wys wat moet praat nie? -- Nee, dit weet ek nie.

Jy het netnou vir die hof gesê dat op hierdie vergadering is daar ook deur hierdie persoon wat die toespraak gelewer het bespreek dat die raadslede verryk hulleself en is onaanvaarbaar. Wat het hy nog daaromtrent gesê? -- Nie wat ek kan onthou nie.

Het hy niks verder gesê nie? -- Nee, niks meer as dit het hy gesê nie.

Jy het gesê daar is gepraat dat julle sou gaan sê dat die huur verminder moet word. Is dit gemeld op daardie vergadering? -- Ek het alreeds hier vir die hof gesê dat dit wel gesê was dat die huur verminder sal moet word.

Wat het hierdie persoon gesê, na hoeveel toe moet die huur verminder word? -- Nee, dit was nie gesê nie.

Jy sê dat hierdie persoon het ook gesê dat die

raadslede/...

raadslede sal moet bedank? -- Ja, ons het almal so gesê.

Het jy ook 'n toespraak gelewer daar? -- Nee.

Ek praat van daardie toesprake wat daar gelewer was? -- Daarby bedoel ek dat ek saam met hulle gestem het oor dit waaroor hulle in die saal gestem het.

Die persoon wat daar gepraat het en gesê het die raadslede moet bedank,wat het hy daar gesê, hoekom moet die raadslede bedank? -- Hy het gesê, maar eintlik het ons geweet wat die rede was, maar hy het die rede ook genoem.

Wat is die rede wat hy genoem het daar op daardie vergadering hoekom moet die raadslede bedank? -- Dat hulle aanhoudend die huurgelde verhoog en daar is geen vordering met dit wat hulle sê hulle gaan doen nie, terwyl hulle self besig is om ryk te word.

En is dit reg julle het almal baie opgewonde geraak oor wat hierdie persoon te sê gehad het oor die raadslede? -- Nee, ons het nie baie opgewonde geraak nie, want dit is 'n ding wat aan ons bekend was.

Het julle nie almal toe geskreeu "Amandla Awethu" toe hy nou sê hierdie mense moet bedank wat so oneerlik is nie? -- Nee.

Niemand het daar geskreeu die woord "Amandla Awethu" nie? -- Nee, niemand nie.

Al die tyd wat jy in die saal was was dit nooit geskreeu nie? -- Nee, ons het almal aandagtig geluister. Ons was stil gewees.

Nadat hierdie persoon hierdie aantygings gemaak het die raadslede is nou so skelm en julle moet gaan eis hulle moet bedank, wat is gesê wat gaan julle doen as die raadslede weier om te bedank of as hulle weier om die huur te

verminder/...

verminder?-- Nee, dit was nie gesê nie.

Wat moes dan gedoen word om die raadslede sover te kry om te bedank? Hoe gaan julle hulle dwing om te bedank? -- Niks was gesê wat alternatiewelik gedoen kan of sal word nie as hulle weier, maar ek neem aan dit sou later besluit word na dit alreeds gebeur het dat hulle weier om te bedank of die huur te verminder.

Na die toespraak wat daardie persoon in die saal gegee het, is julle toe reguit uit na die straat toe om die optog te vorm? -- Nee, die optog is op die perseel opgestel waar ons ons posisies ingeneem het.

Is dit die eerste ding wat gebeur het na julle uit die saal gekom het? Toe is die optog opgestel? -- Nee, dit was nie die eerste ding nie.

Wat was die eerste ding? -- Die eerste ding wat gedoen is daar buite was om die verduideliking oor te dra aan die mense wat nie daarin geslaag het om die saal binne te kom nie van wat in die saal gesê is.

Is daar enige rede waarom daar mense was wat nie daarin kon slaag om in die saal te kom nie? -- Ja, die mense wat by die deur gestaan het het die indruk geskep by die mense wat ver van die deur was dat die saal alreeds vol was, terwyl die saal nog nie vol was nie. Dus 'n mens wat nog nie gesien het dat die saal nie vol was nie, het toe nie nader gekom nie.

Hoe weet jy dit is 'n indruk wat daardie mense geskep het by ander mense? Hoe weet jy wat gaan in ander mense se gedagtes aan? -- Dit is volgens my waarnemings daar. Die mense het by die deur gestaan. Daar was van die mense wat probeer het om deur te druk dat hulle toegang kry tot die

saal/...

saal wat nie daarin kon slaag nie. Dit is hoekom ek sê dat die mense die indruk gekry het dat die saal vol was.

Is daar enigiets wat verhoed het dat die mense wat by die deur staan ingaan in die saal en plek daar inneem? -- Nee, ek weet nie wat in die mense se gedagtes aangegaan het nie.

As daar getuienis in hierdie hof aangebied is dat die persoon wat die toespraak gemaak het nie voor die tyd voor in die saal gestaan het nie, maar net kort voor die opmars begin het en baie kort voor dit, is hy ingestuur in die saal in en toe het hy eers ingegaan, wat sal jy daarvan sê? -- Ek sal dit nie betwis nie, maar met my aankoms daar was die persoon alreeds in die saal gewees.

As ek jou getuienis reg verstaan het jy minstens ŉ kwartier voordat die optog vertrek het daar aangekom en in die saal ingegaan? -- Ja, dit is so.

En al daardie tyd was daardie persoon daar binne volgens jou getuienis, want hy het selfs saam met julle gesing? -- Ek praat van wat gebeur het terwyl ek daar was. Wat gebeur het voor ek daar was of in my afwesigheid, sal ek nie oor kan praat nie.

Maar jou getuienis bly dus, is dit reg, dat toe jy daar gekom het was die persoon daar en hy het daar deelgeneem aan die singery saam met julle lank voordat hy gepraat het? -- Ja, dit is my getuienis. Dit was ŉ kort lied gewees, want die tyd was amper om.

Het julle nou net een lied gesing en ŉ kort lied? -- Dit was nie so ŉ kort lied gewees nie. Dit was wel ŉ lied wat ŉ mens volledig gesing het, want die persoon het begin praat om 08h55 of 08h50, daar rond.

Die/...

Die twee persone wat saam met daardie persoon was, het hulle saam met hom in gekom, saam met die leier wat daar gepraat het? Het hulle saam met hom in gekom na die verhoog toe? -- Ek het alreeds gesê met my aankoms was die mense alreeds in die saal. Hulle het nie die saal binne gekom terwyl ek alreeds daar was nie.

Dit is die drie persone wat op die verhoog was? -- Ja.

Die ander twee persone wat jy ook sê wat agterna gepraat het, wat het hulle presies gesê en waaroor het hulle gepraat? -- Ek het nou net verduidelik dat daardie persone net die toespraak van hierdie persoon gestaaf het.

Het hulle net elkeen opgestaan en gesê "Kyk, ek stem saam met hierdie persoon wat hy gesê het?" Is dit al wat hulle gesê het? -- Dit is heeltemal reg. Hulle het nie ander woorde gebesig nie, behalwe dat hulle gesê het hulle stem saam met die spreker waarin die spreker die manier van beweging aan ons oorgedra het.

Hulle het nie self ook die manier van beweging uiteen gesit nie? -- Nee, hulle het dit nie verduidelik nie.

Buitekant sê jy het die hoofspreker binne, ook gepraat? -- Ja, hy het.

Het hy alles wat hy gesê het weer herhaal buitekant? -- Ja, hy het.

Die feit dat die raadslede oneerlik is, hulle winkels kry en hulle self bevoordeel en dat hulle moet bedank en dat dit een rede is waarom hulle moet bedank? -- Nee, dit het hy nie gesê nie. Al wat hy gesê het is dat ons soontoe gaan, hoekom en hoe ons daar gaan kom.

Wat sê hy hoekom? -- Ek het alreeds gesê dat hy gesê het, dat hy verduidelik het dat ons soontoe gaan oor die kwessie

van/...

van die huur wat te hoog is wat verminder moet word en die raadslede moet bedank.

Het hy gesê wie gaan daar praat of dat julle by Houtkop sal besluit wie gaan met die raadslede praat of met die outoriteite praat? -- Nee, daarvan het hy nie melding gemaak nie.

Het hy gemeld aan die gehoor dat julle almal geweet het daar gaan gepraat word by Houtkop met die outoriteite daar? -- Ja, hy het dit gesê.

Hoe het hy gesê, wie sou praat of hoe sou julle praat? -- Ek het alreeds vir die hof gesê dat daar geen melding gemaak was wie daar gaan praat nie, maar wat in my gedagte aangegaan het, was die volgende, dat daar besluit gaan word te Houtkop wie die spreker gaan wees.

Daar buitekant, is dit net daardie een persoon wat gepraat het? -- Nee, dit was nie net die enigste persoon wat gepraat het nie.

Of laat ek sê wat die skare toegespreek het? -- Ja, wat die skare toegespreek het was net hy.

Was daar buitekant gepraat van dat mense moet nat lappe vat as die polisie teëgekom word en traanrook gegooi word? -- Nee, dit was nie gesê nie.

Is daar ooit van die polisie gepraat by daardie ooreenkoms, hetsy binne in die saal of buitekant? -- Ja, melding was gemaak van die polisie op 'n sekere stadium

Wat was gesê van die polisie? -- Wat gesê was aangaande die polisie is die volgende. Dat as ons die polisie sien, moet ons nie vlug nie. Daar sal sekere mense wees wat gekies word om 'n gesprek met die polisie te gaan voer. Ons moet in die optog bly.

Wie is die mense wat gekies moet word wat 'n gesprek

met/...

met die polisie gaan voer? Was hulle gekies daar buitekant of binne-in die saal? -- Nee, hulle was nie gekies nie. Ek het alreeds gesê dat die persone gekies sal word as ons die polisie sien.

Is dit duidelik so gestel op daardie vergadering dat hulle sal gekies word as julle die polisie sien? -- Ja, dit is so.

Hoe is dit gestel, wie sal die mense kies as die polisie gesien word? -- Nee, dit was nie gesê nie.

Nee, maar hoe sou julle dit doen? Daar is die polisie voor, julle is in ŉ optog, wie sou daardie mense kies en hoe sou hulle hulle kies? -- Daar was mense gewees wat toesig gehou het oor die optog aan die kante van die optog. Ek neem aan dat daardie persone was in beheer gewees van hierdie optog. Indien dit nodig geword het dat daar persone gekies moet word, aanvaar ek dat hulle die optog sou gestop het en dan terwyl die optog staan, wie ook al gekies sal word, dan gekies sal word.

<u>HOF</u> : Wie sou dan kies? Kom ons noem daardie persone maar die "marshalls", soos hulle genoem is. Sou hulle die kieswerk doen of sou julle die kieswerk doen? -- Dit was veronderstel gewees om deur die gemeenskap gedoen te word.

<u>MNR. JACOBS</u> : En is dit duidelik so aan julle gesê daar dat julle goed geweet het wat julle moet doen? -- Ja, ons het goed geweet dat dit so is.

En dit is duidelik daar vir julle gesê, daarom het julle geweet? -- Ja, dit is so.

En toe julle nou in werklikheid later aan die polisie teëgekom het, het julle dadelik die opmars tot stilstand gebring en die "marshalls" het toe gekom en julle het toe

mense gekies om met die polisie te gaan praat? -- Wat gebeur het is die volgende. Op die stadium wat ons die polisie nou raakgeloop het, die optog was vreeslik groot gewees in vergelyking met die begin van die optog. Dit wil sê toe die optog alreeds stadig beweeg het, amper tot stilstand gekom het, het ek toe eers bewus geword van die polisie voor.

Het julle nie toe gestop toe jy bewus word van die polisie en nou moet julle leiers kies om met die polisie te gaan praat nie? -- Ons het gestop, maar daar was toe nie tyd gewees nie, want onmiddellik het die polisie begin skiet en traangas is toe daar gebruik.

So, onmiddellik toe jy die polisie sien, toe skiet hulle? -- Voor hulle eers in my sig was, net nadat ek gehoor het dat die polisie hier voor is, terwyl ons mekaar daar gestamp het as gevolg van die groot getal mense wat in die optog was, het hulle toe begin skiet.

So, jou getuienis is dan dat die polisie het al begin skiet nog voor jy hulle gesien het? -- Ek was op 'n hoë oppervlak van hierdie pad. Die polisie was op 'n laer punt. Vanwaar ek was kon ek die voertuie gesien het, maar nie die polisie self nie.

My vraag is nou weer eenvoudig, was die skietery nog voordat jy die polisie gesien het of die voertuig? -- Toe die skietery begin het, is nadat ek alreeds die polisievoertuie gesien het, nadat ek al bewus geword het dat dit die polisie was.

Maar jy het nooit, sê jy, die polisie self gesien nie? -- Ek het eers die polisie persoonlik gesien terwyl ons nou uiteen gegaan het met die vlug as gevolg van die skiet deur die polisie. Toe het ek hulle eers gesien.

Toe/...

Toe die optog opgestel is, jy sê dit is daar in die perseel opgestel, hoe is die optog opgestel? -- Die voorbereiding van die optog waarvan ek praat, is dat die persone, die deelnemers aan die optog was in posisies geplaas dat hulle ŉ optog gevorm het en waar posisies om in te neem, sekere persone was in posisies geplaas en hoe ons moet beweeg. Dit is waarvan ek praat.

Kom ons kry dit nou duidelik. Het hierdie optog leiers gehad wat voor geloop het om die optog te lei? -- Ja, daar was.

Hoeveel leiers was daar wat voor aan die optog geloop het en wat die optog gelei het? -- Die plakkaatdraers alleen was die leiers van die optog. Vyftien of so in getal.

So, het hulle die voorpunt gevorm van hierdie optog? -- Ja.

Waar het hulle posisie ingeneem om die optog nou opgestel te kry? -- By die uitgangshek van die perseel van die kerk.

Binne of buite die perseel? -- Binne.

En agter hulle, wie het agter die plakkaatdraers ingeval? -- Die gemeenskap in die algemeen het agter hulle ingeval. Mense wie se name ek nie ken nie.

Is die hele gemeenskap wat die vergadering daar bygewoon het opgestel binne-in die perseel voordat die optog begin beweeg het? -- Ja.

En toe alles klaar so opgestel is, toe beweeg die optog met die plakkaatdraers vooruit uit die perseel uit en hulle gaan aan. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

Ek het ŉ paar probleme met jou getuienis want dit is nie soos die verdedigingsgetuies hier gesê het nie. Miskien kan jy verduidelik. Ek sal begin, die verdedigingsgetuies

het/...

het gesê dat buitekant die saal, nadat wat binne-in die saal gebeur het, het drie persone gepraat buitekant daardie saal. Jy sê dit is net een. Wat is die waarheid? -- Die vraag aan my was of die persoon wat 'n toespraak gemaak het binne-in die saal weer hier buite 'n toespraak gemaak het, waarop ek gesê het ja, maar nie net hy alleen het die toespraak gemaak nie.

Is jou getuienis nou dat daar het meer as een buitekant gepraat? -- Ja, dit is nie net een persoon wat daar buite gepraat het nie.

Dit sê jy nou nadat ek vir jou gesê het dat die verdediging se weergawe was anders? -- Daar was nooit aan my 'n vraag gestel byvoorbeeld in die sin van hoeveel mense het daar buite gepraat nie.

Kom ek vra jou nou hoeveel mense het buite gepraat? -- As ek nog reg onthou, twee of drie.

En onthou jy dat ek vir jou netnou nog gewys het toe ek van buite gepraat het, het ek dit nog gekorrigeer en gesê buite toesprake gelewer het? -- Toesprake waar?

Buitekant die saal? Nadat hulle binne gepraat het, toe uitgekom het uit die saal en buite toesprake gelewer het? -- Ja, ek het erken dat daar wel toesprake gemaak was daar buite.

'n Verdere ding is, jy was hierso baie beslis dat daar was gesê by daardie geleentheid binne en buite die saal dat die mense sou gaan praat met die raadslede of met die outoriteite by Houtkop. Wat sal jy sê as ek dit aan jou stel dat die bewering is dat daar sou nie gepraat word nie, maar daar sou 'n petisie oorhandig word? -- Dit weet ek nie van nie.

Is dit nie daar bespreek dat daar sou 'n petisie

oorhandig/...

oorhandig word by Houtkop nie en gesê daar sal ŉ petisie oorhandig word nie? -- Nee, dit het ek nie gehoor nie. Ek wil nie leuens vertel nie.

En ek wil dit aan jou stel ook dat daarso was gesê dat daar was mense reeds gekies wie die petisie sou gaan oorhandig by Houtkop en dit verskil heelwat van jou getuienis tot die effek dat jy gesê het as julle by Houtkop kom, is dit duidelik gemaak dan sal julle eers leiers kies om te gaan praat? -- Ek betwis nie daardie getuienis wat gelewer is nie. Ek getuig hier voor die hof van wat ek gehoor het wat ek van weet.

Ek wil dit aan jou stel dat daardie leiers wat sou optree was reeds klaar gekies? -- Ek ontken dit nie. Wat ek sê is is dat ek nie daarvan weet nie.

En ek wil dit aan jou stel dat daar was ook leiers wat hierdie opmars gelei het? -- Ek ontken dit nie. Ek betwis nie daardie getuienis nie. Al wat ek sê is, wat ek nie van weet nie, weet ek nie van nie.

En ek wil dit aan jou verder stel dat jy moes dit geweet het want hierdie leiers het eerste uit die perseel van die kerk gegaan by die kant aan die straat op daardie gronddeel en daar posisie ingeneem as die eerste stap in die opstel van hierdie opmars? -- As ek gesien het dat dit wel so gebeur het, sou ek dit erken het, maar ek praat van wat ek gesien het. Ek het hulle nie gesien nie. Dus kan ek nie sê dat dit wel so gebeur het nie.

Sê jy dit is dan heeltemal verkeerd as enigiemand sê dit het gebeur dat daar drie fases was. Die eerste fase was leiers wat uitgegaan het en posisie ingeneem het. Dit is heeltemal verkeerd. Is dit jou getuienis? -- Wat my betref

nee/...

nee. Dit is nie dat ek nou sê dat daardie getuie wat dit sê praat nie die waarheid nie. Ek sê ek het dit nie gesien nie. Ek kan nie oor iets getuig wat ek nie gesien het nie.

Is daar enige rede wat jy vir die hof kan gee dat jy dit nie gesien het nie as dit so gebeur het? -- Nee, ek het nie ʼn rede nie. As ek enige rede gehad het, sou ek dit al vir die hof gesê het, om hierdie rede het ek dit nie gesien nie.

Die tweede fase maak jou getuienis nog baie meer in twyfel of botsend met dit, want die getuie het gesê die tweede fase dat die plakkaatdraers is uit die perseel uit geroep en hulle het kom plek inneem direk agter die leiers? -- Ek het alreeds gesê dat ek nie kan getuig oor dit wat ek nie gesien het nie. Ek betwis nie wat daardie persoon sê nie.

En die derde fase is dan dat nadat die plakkaatdraers hulle posisie ingeneem het, is die liggaam van die optog opgestel agter die plakkaatdraers? -- Ek het alreeds gesê ek stry nie met die getuienis nie, maar wat ek wel sê is dat as daar baie mense bymekaar is, sal ʼn persoon nie alles kan sien wat daar plaasvind nie.

<u>HOF</u> : As ek die vraag korrek verstaan, ek mag verkeerd wees, is die verskil tussen u en die advokaat dat u sê die hele optog is opgestel agter die plakkaatdraers in die perseel van die kerk, terwyl hy dink ek probeer sê dat die hele optog opgestel is agter die plakkaatdraers en ander mense in die straat? -- Dit is heeltemal reg. Dit is hoekom ek sê ek het nie die ander leiers wat genoem word voor gesien nie. Ek het net die plakkaatdraers gesien. Dus, volgens my was die leiers die plakkaatdraers. Ek kan dit nie betwis dat daar wel ander mense was voor die plakkaatdraers nie.

<u>MNR. JACOBS</u> : As daar so baie dinge is wat jy nie

behoorlik/...

behoorlik gesien het nie, het jy ook nooit die padversperrings wat daar was gesien nie? -- Nee, dit moes ek gesien het, want ek loop in die pad.

Jy moes ook dan hierdie ander dinge gesien het? Jy moes ook gesien dat drie mense toesprake maak? -- U verstaan seker dat al wat ek hier sê is dat ek getuig van wat ek self gesien het en dit is nie moontlik om alles te sien tussen ŉ groot skare van mense nie.

Daar by Fowler garage ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Gaan u oor na ŉ ander onderwerp?

MNR. JACOBS : Ek gaan oor na ŉ ander onderwerp.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K1064 MALEFATSANE PETER DLAMINI, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Voordat ek na die volgende punt toe gaan, wil ek net hierdie ander een afsluit. Kan u vir die hof sê die persone, die drie persone wat jy nou sê wat buite gepraat het, buite die saal die mense toegespreek was, was dit dieselfde drie as wat binne-in die saal gepraat het? -- Een van die drie was een wat binne gepraat het. Die ander twee nie.

Is die persoon wat buite gepraat het, die een wat die toespraak gelewer het, nie een van die twee wat dit beaam het nie? Ek wil net seker maak watter een van die drie van binne? -- Nee, dit is nie een van die twee wat dit beaam het nie. Dit is eintlik die persoon wat die toespraak daar binne gelewer het.

Jy is nou seker dit is drie persone wat buitekant gepraat het? -- Ja.

Jy sien, want in jou getuienis-in-hoof het jy gesê

buitekant/...

buitekant het twee persone gepraat. Kan jy nou vir ons 'n verduideliking gee? -- Ja, dit is reg, dit is wat ek gesê het, maar nou dat ons nie gesit het nie, terwyl ek by die huis gesit het, het ek dit onthou en gevind dat ek daar 'n fout begaan het.

Die persone wat buitekant die hof gepraat het, die drie - buitekant die lokaal gepraat het daardie dag van 3 September, kan jy vir die hof sê het enigeen van hulle verduidelik of al drie van hulle verduidelik dat daar reeds persone gekies was dat indien die polisie teëgekom word dan sou die persone wat reeds gekies is met die polisie gaan onderhandel oor die optog se verder gaan? -- Nee, hulle het gesê die persone sal gekies word sodra ons die polisie sien.

Het niemand daar buite gesê dat hierdie persone wat reeds gekies is sal gaan en met die polisie onderhandel en die polisie soebat sodat hierdie optog voortgaan as 'n vreedsame optog na Houtkop nie? -- Nee, niemand het dit gesê nie. Wat wel gesê was daar was die volgende, dat daar persone gekies sal word sodra ons die polisie sien.

En as enigiemand so in hierdie hof gesê het dan is dit 'n onwaarheid wat aan hierdie hof vertel was?

HOF : Dit is seker 'n afleiding wat die hof moet maak.

MNR. JACOBS : Ek wil gaan nou na die bushalte by Fowler. Toe die optog se voorpunt dit genader het, sê jy het 'n groep mense aangesluit by die optog? -- Ja, dit is so.

Hoe ver was die voorpunt van die busstop by Fowler toe daardie groep aangesluit het by die optog? -- Dit is net na hulle die draai verbygegaan het waar die pad 'n draai maak, net 'n bietjie verby daardie punt van die draai.

HOF : Ek begryp dit nie mooi nie, want die busstop Fowler

is/...

is duskant die draai soos julle geloop het? -- Ja, dit is wat ek sê. Die voorpunt van die optog het alreeds Fowler bushalte verby gegaan en was besig om daardie draai te voltooi toe hierdie klomp by ons aangesluit het.

MNR. JACOBS : So, is jou getuienis vandag dat die voorpunt van die optog was dus alreeds in die interseksie besig om uit te gaan na die regterkant toe waar jy noem 'n draai is? -- Ja.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Die woord voltooi, die draai voltooi, beteken dit dat hulle is alreeds die draai verby? Die voorpunt is alreeds die draai verby? Is dit wat jy bedoel met voltooi? -- Die voorpunt het alreeds klaar gedraai.

HOF : Hoeveel van die voorpunt? Hoeveel rye van die voorpunt? -- Twee of drie rye was alreeds verby.

MNR. JACOBS : So, al die plakkaatdraers was alreeds verby daardie draai? -- Ja, hulle was al verby.

Ek wil dit aan jou stel in jou getuienis-in-hoof het jy aan die hof vertel dat die voorpunt van hierdie opmars was nog nie eers by die bushalte by Fowler toe daardie groep aangesluit het nie. Wat sê jy daaromtrent? -- Nee, ons het mekaar nie mooi verstaan daar nie. Ek sê die optog, die voorpunt was alreeds by daardie punt verby. Ek self was nog nie by die bushalte gewees nie.

Wie bedoel jy nou het mekaar nie goed verstaan nie? Verwys jy na my nou? -- Nee, daarby bedoel ek dat u miskien nie my antwoord goed volg nie.

Jy sien, jou getuienis is opgeneem op 'n masjien hierso. Ek wil vir jou lees in jou getuienis wat jy gesê het. Volume 325 bladsy 18 605. Jy was gevra "Has it got a name?" en toe het jy gesê "Yes, Fowler." "Is the bend in the road

beyond/...

beyond Fowler?" Toe was jou antwoord "After Fowler bus stop then you find the bend." Toe was jy die vraag gevra "In relation to Fowler bus stop, where did this group join?" Toe was jou antwoord gewees "Before we reached the Fowler bus stop." Toe was die volgende vraag gevra "Before the front of the march reached Fowler bus stop?" en jou antwoord "Yes." Kan jy nou verklaar? -- Dit kan miskien wees dat ek nie die vraag so goed verstaan het wat aan my gestel was nie, maar in antwoord daar bedoel ek dat ek nog nie Fowler bus-halte bereik het nie, maar die ander mense voor my was alreeds verby daardie punt.

Jy sien, ek wil dit aan jou stel, die vraag was baie eenvoudig en baie maklik dat daar nie verwarring kon wees nie en jy was baie beslis dat die voorpunt van die opmars was nog nie by die bushalte verby nie? -- Dit is juis hoekom ek sê dat dit moontlik is dat ek nie die vraag goed verstaan het nie.

En as daar nou ander getuienis voor hierdie hof is dat daardie voorpunt van die mars was net besig om die kruising in te gaan voordat die draai gevat was, wat sal jy daar-omtrent sê toe die groep aangesluit het? -- Nee, dit ontken ek. Die voorpunt was alreeds by die kruising verby en net verby die draai.

Hierdie groep mense, waarvanaf het hulle gekom? -- Dit het met die teerpad afgekom vanaf die rigting van gebied 11. Waarvandaan hulle gekom het, kan ek nie sê nie, want toe ek hulle eers gesien het, was hulle reeds op die teerpad.

Soos julle nou aangestap het en hulle kom aan in julle rigting, vir hoe 'n lang distansie het hulle aangestap gekom in julle rigting? Hoe ver? -- Ek het hulle nie ver gesien

nie/...

nie. Toe ek hulle vir die eerste keer gesien het, was hulle byna omtrent by die voorpunt van ons net voor hulle daar aangesluit het.

Hoe ver moes hulle gestap het? Omtrent die lengte van die hof totdat die twee groepe bymekaar kom of verder of nader? -- Nee, die lengte van die hofsaal is weer te lank.

Die breedte van die hofsaal? -- (Getuie dui distansie aan)

HOF : 8 Meter.

MNR. JACOBS : En jy is seker hulle het gestap daardie distansie om by julle optog te kom? -- Ja, hulle het gestap.

Was hulle ook opgestel of opgevorm in ŉ optog, mense wat agter mekaar in rye geloop het? -- Ek kon hulle nie mooi sien nie, want hulle was ver, maar as ek moet raai het hulle nie in dieselfde vorm gestap soos wat ons in hierdie optog gestap het nie.

Ek vra nie vir jou om te raai nie. Ek vra vir jou wat het jy waargeneem waar was daardie mense gewees? Jy kon sien hulle plakkate, jy kon sien hulle stap nog ŉ distansie in julle rigting, jy kon sien dit is ŉ groep mense van ongeveer honderd volgens jou getuienis. So, jy het hulle redelik goed gesien? -- My antwoord op u vraag is, hulle het nie op dieselfde manier soos ons gestap nie. Hulle was uitmekaar uit.

As jy sê hulle was uitmekaar uit, wat bedoel jy met uitmekaar uit? Was hier ŉ paar en dan ŉ paar treë agter hulle verder terug op die pad ander en nog verder terug ander of wat bedoel jy? -- Daarmee bedoel ek dat hulle nie almal op die teervlak van die pad geloop het nie. Daar was van hulle wat op die skouer van die pad geloop het.

Maar/...

Maar in 'n groep? -- Ja, in 'n groep waarvan die ander van die teervlak af geloop het.

Aan beide kante af van die teervlak? -- Ja.

Hoe het hierdie groep aangesluit by julle optog? -- Wat ek opgemerk het was dat ons optog het stadiger beweeg amper op 'n stilstaande posisie gekom tydens die aansluit van daardie klomp by ons optog. Nie lank nie, het ons optog weer die spoed herwin wat ons vroeër geloop het en toe weer normaal beweeg.

Toe die groep aangesluit het, het hulle net aangekom, voorhoede gevolg, omgedraai en toe het julle aangeloop? -- Dit het 'n tydjie geneem dat die mense daar met mekaar gepraat het. Dit het vir my gelyk en op 'n stadium het hulle toe ook in ons optog in geval en ons het toe verder beweeg.

Ek probeer by jou vasstel. Hoe sukkel jy dan so. Het hulle 'n nuwe voorhoede gevorm of het hulle agtertoe in die optog in geval? Hoe het hulle in gekom? -- Wat gebeur het is, die mense het by ons in geval agter die plakkaatdraers van ons. Met die gevolg is dat ons plakkaatdraers was heel voor gewees na hulle almal in die optog in geval het.

Het die hele groep in geval agter die plakkaatdraers? -- Ek sal so sê, ja, want toe ek weer sien was die plakkaatdraers heel voor gewees.

Het hulle plakkate gehad, daardie groep? -- Ja.

Wat het van hulle plakkate geword? -- Die plakkaatdraers wat by hulle was, het aangesluit by ons plakkaatdraers. Met dit was al die plakkaatdraers voor gewees.

Is dit nie so nie dat daardie groep het stil gestaan daarso by die interseksie toe julle groep by hulle gekom het nie? -- Nee.

Is/...

Is dit nie so dat daardie groep wat toe aangekom het, het geleidelik ingefiltreer in die lengte van julle optog nie? -- Nee, dit is nie so nie.

Is dit nie so dat hierdie groepe mekaar teëgekom het in die interseksie, nie nadat die voorpunt verby gegaan het nie en dat daar ʼn heeltemal deurmekaarspul was nie? --Nee.

As iemand anders dit sê dat hulle het ingefiltreer en daar was ʼn hele deurmekaarspul dan is dit nie die waarheid nie? -- Volgens my getuienis is dit nie waar nie. Wat ek waargeneem het daar, het dit nie so gebeur nie.

Soos julle ingekom het en aangesluit het by julle optog het enige van julle "marshalls" hier langs die kant hulle plekke verlaat en na vorentoe gegaan om te gaan reël daar of nie? -- Nee.

Kan jy vir ons sê, toe jy self op die punt gekom het waar die swenk, die effense swenk na regs is wat jy nou genoem het die draai, was daar ander mense nog in daardie interseksie daar op daardie kol net wqar die draai uitgaan en waar die een pad na die linkerkant toe aansluit? -- Nee.

Was daar geen mense daar nie? -- Ek het niemand gesien nie.

Op daardie interseksie is daar ʼn steeg wat daar ingaan in die woongebied in. Weet jy van die steeg? -- Ja, ek weet daarvan.

Het jy enige mense in daardie steeg sien beweeg op en af in die steeg? -- Nee, ek het nie opgelet nie, want ek was ʼn deel van die optog en dit het beweeg.

As ander getuies hier gesê het dat daar by daardie interseksie in die eerste plek op die sykante was daar mense wat daar rond gestaan het, was dit onwaar? -- Ek stry nie

met/...

met daardie persone se getuienis nie, maar ek het niemand opgelet nie.

En as daar getuienis is dat daar in die steeg op en af mense beweeg het, is dit onwaar? -- Nee, ek betwis nie daardie getuienis nie, maar ek was 'n deel van die optog en ek was op pad na waarheen die optog gegaan het.

Maar volgens jou getuienis het daar nie so iets gebeur nie. Daar was nie mense wat daar rond beweeg het nie en wat in die steeg beweeg het nie? -- Dit is my getuienis reeds dat ek sê ek het niemand gesien nie.

En daar was niks wat verhoed het dat jy die mense sou sien as hulle daar was nie? -- Daar was. Ons was besig om te beweeg daar. Ons het gesing.

Behalwe in die optog. Ek praat van mense aan die sykante, beide kante? -- Daar was iets gewees wat my uitsig kon belemmer het, want ek was meer aan die regterkant van die optog en daar was baie mense gewees wat deel geneem het aan hierdie optog.

Maar toe jy by daardie punt verby gegaan het en die draai gevat het of die swenk gevat het, toe was daar nie mense aan die regterkant dan gewees nie? -- Toe was daar niemand gewees nie.

En ook nie mense aan die linkerkant wat nie aan die optog behoort het nie? -- Wat ek wel gesien het, soos ek getuig, is mense wat deel gevorm het van die optog.

Jy sien, ek wil dit aan jou stel dat hier het nooit 'n groep mense daar aangesluit nie? -- Daar was 'n klomp. Ek het 'n klomp gesien.

Wat daar gebeur het is dat die mense wat daar gekom het het uit daardie steeg uit gekom na die voorpunt van julle

mars/...

mars toe en daarso gerapporteer en daarna het die voorpunt van die mars in daardie steeg in beweeg agter daardie mense aan terug? -- Nee, ek stem nie saam met die stelling nie. Die optog het beweeg in die rigting wat die optog oorspronklik beweeg het en niemand het afgewyk vanaf die optog in daardie steeg in nie en tweedens, daar was "marshalls" gewees aan die kante van die optog.

Ek wil dit aan jou stel dat tot julle "marshalls" het saam daar ingehardloop en dit is waar julle ingegaan het in die optog in. Jy self het ook daar ingegaan en julle het daarso aan die einde van daardie steeg die huis van Caeser Motjeane aangeval?

MR BIZOS : On what basis is this thing put to the witness? It contradicts the case testified to by IC.8 completely. At best for the state IC.8 said that a very small group of person in ones or twos left and to put to this witness that he had been a member of the march, and went with the whole march into that lane is a misrepresentation of the state case, never mind the plethora of defence witnesses that have testified to the contrary.

MNR. JACOBS : Met alle respek, die getuie het gesê hy kon nie almal sien wat ingegaan het nie. Die voorpunt het ingegaan en hy het saam met hulle ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Op watter basis stel u dit eerstens aan hom dat hy daar in is en op watter basis stel u dit dat die hele optog daar in is? Ek kan nie onthou dat daar getuienis is dat die hele optog daar in is nie.

MNR. JACOBS : Ek sal dit anders dan stel.

HOF : U sal die vorige vraag maar moet terugtrek.

MNR. JACOBS : Ek sal hom terugtrek. Ek stel dit aan jou

dat/...

dat die voorpunt van hierdie optog het daar ingehardloop, dat daar nooit mense was wat daar aangesluit het nie, maar dit is wat gebeur het, hulle het daar ingegaan waar die huis van Caeser Motjeane aangeval was? -- Nee, dit is nie so nie.

En ek stel dit aan jou daarom dat jy so klei trap omtrent hierdie mense wat daar aangesluit het. Eers sou hulle aangesluit het voordat julle by die bushalte gewees het, die voorpunt en nou weer nadat hulle alreeds die draai gevat het en jou getuienis so verwarrend is? -- Nee, dit is nie so nie.

Ek wil dit ook aan jou stel dat daar by die kerk, dat daar wel oor die raadslede gepraat was deur mense daar in die saal en dat gesê was julle gaan nou om die raadslede aan te val? -- Nee, dit is nie so nie.

